kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Invloed of gesag?

Skriflesing: Matteus 21:23-32

23 EN toe Hy in die tempel gegaan het, kom die owerpriesters en die ouderlinge van die volk na Hom terwyl Hy besig was om te leer, en hulle sê: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?
24 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.
25 Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel — dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?
26 En as ons sê: Uit mense — dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir ’n profeet.
27 Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.
28 MAAR wat dink julle? ’n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd.
29 En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan.
30 Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie.
31 Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.
32 Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie.

“The function of prayer is not to influence God, but rather to change the nature of the one who prays.”
— Søren Kierkegaard

Broodjies vir die pad

Erfenisdag: Gaste vir ‘n braai

Wicus Luwes

Ek het vandag saam met my familie op die strand gaan braai. Ek wonder toe in die stilligheid wie ek sou nooi om saam met my te braai, indien ek enige persoon sou kon nooi. Ek verstaan dat Jan Braai graag wil hê dat ons die gedeelde erfenis moet gebruik om mekaar beter te verstaan, maar ek het besluit om gaste te nooi wat ek graag wil ontmoet.

Ek sou graag vir Desmond Tutu wou ontmoet. Hy is vir baie van ons ‘n gedeelde gewete. Hy skroom nie om verkeerde dinge op hul naam te noem nie. Die beeld wat ek van hom oor die televisie vorm, is dat hy nie ongemaklik sou wees by ‘n braai nie. Hy het al uitgehang met die bekendste en grootste name, maar ek kry die idee dat hy ‘n gewone ou ook op sy gemak sal stel. Ek is seker dat hy ‘n paar interessante stories sal kan vertel: die soort stories wat nie altyd polities korrek sou wees voor media en ander groter geleenthede nie. Boonop is Tutu ook deesdae die beskermheer van Jan Braai se Erfenisbeweging.

tutu

‘n duif as jou gewete
vlieg moeilik in die nag
sy voetspore is klein
tussen die ander
en stil. maar die vlerke

o die vlerke

‘n duif as my gewete
en somtyds
word die duif
‘n man

Die dinamika van enige sosiale byeenkoms, draai om die samestelling van die gaste. Daar moet ook iemand wees wat die ys kan breek. Ek sou Nataniël hiervoor nooi. Hy het deesdae die rol van Emsie Schoeman begin vervul en hy weet ‘n ding of twee oor etiket. Dit is juis waar die probleem lê: aan die een kant kan hy die ys by die braai breek, maar ek sal redelik bewus voel oor my etiket (of gebrek daaraan) as hy dalk op sou daag. Die skaal swaai egter in sy guns met sy verbintenis aan ‘n groot winkelgroep se kampioen boerewors. Wat is ‘n braai sonder lekker boerewors?

‘n Derde gas sal Marlene van Niekerk wees, want ek sal graag die gedigte wat so dikwels in my gedagtes praat in haar eie stem wou hoor. Ek vermoed dat van die gedigte ‘n ander/nuwe betekenis sou kry indien ek dit in haar stem kon hoor. Ek sou ook graag wou hoor wat die stories agter sekere van die gedigte sou wees.

Daar is iets aan ‘n braai wat geen ander maaltyd het nie: dit is informeel, maar die meeste mense hou daarvan. Dit het seker met die sosiale element te doen. Ek vermoed die hipnotiese effek van vlamme het ook ‘n rol te speel. Ek wonder onwillekeurig wat die feniks sonder die vlamme sou gewees

niet. Ek hoop dat die Mzanzi-feniks op hierdie Erfenisdag kan herrys, want die kole word op die oomblik veels te veel gesmeul deur die as.

is dit dan al waaruit ‘n vuur bestaan?
die vlam
die hout
die suurstof

is dit dan al vuur wat in ons bestaan?
die dood
die as
die feniks

http://versindaba.co.za/2017/09/24/wicus-luwes-erfenisdag-gaste-vir-n-braai/

◆◆◆

“Civilized people must, I believe, satisfy the following criteria:

1) They respect human beings as individuals and are therefore always tolerant, gentle, courteous and amenable ... They do not create scenes over a hammer or a mislaid eraser; they do not make you feel they are conferring a great benefit on you when they live with you, and they don't make a scandal when they leave. (...)

2) They have compassion for other people besides beggars and cats. Their hearts suffer the pain of what is hidden to the naked eye. (...)

3) They respect other people's property, and therefore pay their debts.

4) They are not devious, and they fear lies as they fear fire. They don't tell lies even in the most trivial matters. To lie to someone is to insult them, and the liar is diminished in the eyes of the person he lies to. Civilized people don't put on airs; they behave in the street as they would at home, they don't show off to impress their juniors. (...)

5) They don't run themselves down in order to provoke the sympathy of others. They don't play on other people's heartstrings to be sighed over and cosseted ... that sort of thing is just cheap striving for effects, it's vulgar, old hat and false. (...)

6) They are not vain. They don't waste time with the fake jewellery of hobnobbing with celebrities, being permitted to shake the hand of a drunken [judicial orator], the exaggerated bonhomie of the first person they meet at the Salon, being the life and soul of the bar ... They regard prases like 'I am a representative of the Press!!' -- the sort of thing one only hears from [very minor journalists] -- as absurd. If they have done a brass farthing's work they don't pass it off as if it were 100 roubles' by swanking about with their portfolios, and they don't boast of being able to gain admission to places other people aren't allowed in (...) True talent always sits in the shade, mingles with the crowd, avoids the limelight ... As Krylov said, the empty barrel makes more noise than the full one. (...)

7) If they do possess talent, they value it ... They take pride in it ... they know they have a responsibility to exert a civilizing influence on [others] rather than aimlessly hanging out with them. And they are fastidious in their habits. (...)

8) They work at developing their aesthetic sensibility ... Civilized people don't simply obey their baser instincts ... they require *mens sana in corpore sano*.

And so on. That's what civilized people are like ... Reading *Pickwick* and learning a speech from *Faust* by heart is not enough if your aim is to become a truly civilized person and not to sink below the level of your surroundings.

[From a letter to Nikolay Chekhov, March 1886]”
— Anton Chekhov, A Life in Letters

Brood vir die pad

Die toekoms is net nie meer wat dit was nie

Die Christendom is – soos die Judaïsme – ’n onthou-godsdiens.

Telkens lees ons in die Bybel die oproep om nie die verlede te vergeet nie: “Dink aan die dae lank verby, onthou die jare van die voorgeslagte” (Deut. 32:7). En elders: “Onthou altyd dat julle slawe in Egipte was” (Deut. 24:18). En met praktyke soos die Nagmaal gedenk Christene die lyding, kruisiging en opstanding van Christus.

Die geloof, sou ons tereg kon sê, leef uit herinnering aan die verlede – ’n verlede wat te midde van onreg en swaarkry vanuit ’n geloofsperspektief as die verhaal van God se goedheid en genade gesien kan word.

Die fokus op die verlede hou wel die versoeking in dat ons nie vanúit die verlede leef nie, maar ín die verlede. Só word die bemoeienis met die verlede ’n versaking van ons verantwoordelikheid ten opsigte van die hede en die toekoms.

Onlangs verskyn daar ’n boek van die sosioloog Zygmunt Bauman met die veelseggende titel *Retrotopia*. Bauman – ’n Poolse Jood wat vroeër vanjaar op 91-jarige leeftyd oorlede is – redeneer in dié boek dat ons beeld van die toekoms onteenseglik verander het. Die toekoms is by wyse van spreke nie meer wat dit was nie.

Die fokus op die verlede hou wel die versoeking in dat ons nie vanúit die verlede leef nie, maar ín die verlede.

Hy verwys met instemming na Svetlana Boym se opmerking in haar boek *The Future of Nostalgia* dat die 20ste eeu met ’n visie van ’n futuristiese utopie begin het, maar met nostalgie geëindig het. Ook vir Bauman leef ons in die era van nostalgie, ’n era wat gekenmerk word deur ’n verlies aan vertroue in die toekoms en ’n hunkering na ’n geïdealiseerde verlede.

Dit verklaar vir Bauman verskynsels soos Brexit en die slagspreuk “Make America great again”. Om hierdie lewenshouding anders te verwoord: Ons hoop lê nie voor ons nie, maar agter ons. Ons plaas eerder ons vertroue in die verlede as in die toekoms. Die hemel is gister.

As Bauman en Boym reg is, is dit nou juis van kardinale belang om te praat oor hóé ons oor die verlede dink, ook in hierdie dae wanneer ons Erfenisdag vier.

Nostalgie is seker nie net ’n slegte ding nie. Ons almal gee ons van tyd tot tyd daaraan oor. Maar net soos Israel destyds te midde van groot onsekerheid en uitdagings na die vleispotte van Egipte terugverlang het (Num. 11), is daar vir ons eweneens nou ’n soortgelyke versoeking – ook in Suid-Afrika.

Ons kan met ’n selektiewe geheue die “goeie ou dae” op só ’n manier onthou en konstrueer dat dit ons ontkrag om vandág met geregtigheid, verbeelding en hoop te lewe. – **RRV**

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-toekoms-is-net-nie-meer-wat-dit-was-nie-20170922

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877